# Geslagsvorme
## Manlik & vroulik




Geslagsvorm dui aan of iemand manlik of vroulik is.

Die <u>seun</u> hou baie van die <u>meisie</u>.

seun = manlik; meisie = vroulik

Pas die vroulike geslag by die manlike geslag.

**aktrise, bakster, suster, bruid, dame, heldin, kelnerin, koningin, vrou, juffrou, niggie, ouma**



| | | | |
|---|---|---|---|
| heer | dame | broer | suster |
| bruidegom | bruid | akteur | aktrise |
| bakker | bakster | koning | koningin |
| held | heldin | kelner | kelnerin |
| man | vrou | oupa | ouma |
| neef | niggie | meneer | juffrou |




Scanned by Easy Scanner

# Geslagte van diere.

Skryf die manlike en vroulike geslagsvorm van diere.

bul - koei; haan - hen; reun - teef;
hings - merrie; ram - ooi; bul - koei;
beer - sog; mannetjie - wyfie

| Dier | Manlik | Vroulik |
|---|---|---|
| beeste | bul | koei |
| hoenders | haan | hen |
| honde | reun | teef |
| perde | hings | merrie |
| varke | beer | sog |
| skape | ram | ooi |
| olifante | bul | koei |
| gans | mannetjie | wyfie |




(c) www.myklaskamer.co.za (2021)


Scanned by Easy Scanner

# Babas van diere.



Pas die baba by die korrekte dier.

| Dier | Baba | Dier | Baba |
|---|---|---|---|
| hen | vul | padda | bokkie |
| leeu | kuiken | skaap | paddavis |
| koei | kalf | bok | kalf |
| perd | welpie | olifant | lam |



## Voltooi die sinne.



1. Die _kalf_ drink aan die koei.
2. Die _bokkie_ lê langs die ma bok.
3. 'n Olifant beskerm altyd haar _kalf_.
4. Die leeu lek haar _welpie_ skoon.



5. Die padda het baie _paddavisse_.
6. Die perd en haar _vul_ wei in die veld.
7. Die _lam_ loop agter die skaap.
8. Die hen soek haar _kuiken_.





Scanned by Easy Scanner

## Voornaamwoorde

| |
|---|
| jy / ek / my / hy / haar / dit / ons / syne / hulle<br>julle / ons s'n / jou / hulle s'n / sy |

- Hulle het 'n motor. Die motor is ___hulle s'n___.
- Sy borsel ___haar___ tande.
- Toe die potlood val, het Jana ___dit___ opgetel.
- Ons hou baie van ___ons___ eie huis.
- Piet en Frik wou graag by ___hulle___ vriende gaan speel.
- Ek hou van Jan. ___Hy___ is my vriend.
- Julle moet ___julle___ klere aantrek.
- ___Ek___ het my eie boek gelees.
- Ons het 'n kat. Die kat is ___ons s'n___.
- Jy moet ___jou___ klere aantrek.
- ___Sy___ het haar eie werk gedoen.
- Hy het 'n borsel. Die borsel is ___syne___
- Ek het ___my___ eie skottelgoed gewas.
- ___Jy___ moet jou eie mes gebruik.



Scanned by Easy Scanner

## Oop Lettergrepe

**Oop lettergrepe:** Wanneer die woord voor die medeklinker verdeel word, is die lettergreep oop. 'n Oop lettergreep eindig altyd op 'n klinker.

**water = wa / ter**



### Woordeskat

klinker = vokaal

medeklinker = konsonant

Skryf die woorde in lettergrepe en omkring die oop lettergreep.

| | |
|---|---|
| skape | ska – pe |
| gespeel | ge – speel |
| mielies | mie – lies |
| suiker | sui – ker |
| pruime | prui – me |
| belowe | be – lo – we |



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

## Geslote Lettergrepe

**Geslote lettergrepe:** Wanneer 'n woord na die medeklinker verdeel word, is die lettergreep toe.

'n Geslote lettergreep eindig altyd op 'n medeklinker.

**trom / pet**



Skryf die woorde in lettergrepe en omkring die geslote lettergreep.

| | |
|---|---|
| minder | min – der |
| winkel | win – kel |
| jammer | jam – mer |
| vrugte | vrug – te |
| beeste | bees – te |
| venster | ven – ster |
| werkers | wer – kers |
| visse | vis – se |



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

Scanned by Easy Scanner